

Graad 3

AFRIKAANS

Eerste Addisionele Taal

Boek 2

Kwartaal 3 en 4



Hierdie boek behoort aan:

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 1 2012/10/01 11:28 AM

1 WEER TERUG SKOOL TOE

Skool in die winter

Ons praat Kyk na hierdie prentjie en gesels daaroor.

Ons lees

Dit is Julie. Dit is baie koud en ons is weer by die skool na die skoolvakansie.

Nomsa: Ek wens ek het 'n warmwatersak. Ek kry baie koud.

Ken: Ek wens het het 'n koppie warm sop.

Onderwyser: Kinders, vandag gaan ons oor die verskillende seisoene leer.

Lulu: Brrrr! Dit is ysig!

Onderwyser: Watter seisoen is dit nou? En hoe weet ons dit?

Hanno: Daar is geen blare aan die bome nie en dit is die middel van Julie.

Anita: En gisteraand was dit minus 2 grade.
Ons het 'n termometer in ons tuin.

Nomsa: Daar was ryp in ons tuin.

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 2 2012/10/01 11:28 AM

Ons skryf

Lees die storie en kyk weer na die prentjie.
Omkring dan die nommer langs die korrekte antwoord.

Watter seisoen was dit?	
1	Somer
2	Herfs
3	Winter

Wie wou graag 'n warmwatersak hê?	
1	Nomsa
2	Hanno
3	Ken

Watter maand was dit?	
1	Mei
2	Junie
3	Julie

Wie wou graag 'n koppie warm sop hê?	
1	Ken
2	Ann
3	Sam

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Kies dan vyf woorde en gebruik dit om vyf sinne in jou oefeningboek te skryf.

Plak die plakkers op die regte plekke. Omkring dan die woorde wat by die plakkers pas.

messe	sterre
berge	stemme
lemme	nerwe

speel	een
deel	been
geel	keel



Ons skryf

Skryf 5 sinne oor skoolgaan op 'n koue dag.

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 3 2012/10/01 11:28 AM

2 Die seisoene

Ons doen

Teken 'n prentjie van jouself waarin jy die regte klere vir vandag se weer dra.

Ons skryf

Skryf 5 sinne oor jou prentjie.

Luister en herhaal

Dit is baie koud.
Ek bewe.
Ek is yskoud.
My vingers is koud.
Ek wens ek het 'n warmwatersak.

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 4 2012/10/01 11:29 AM

Woordkis

lekker
later
lomp
lang

Ons skryf Trek 'n streep wat die sin in die blou raampie met 'n sin in die pienk raampie verbind.

Ek het niks gehad om mee te speel nie, daarom	ons tee wil maak.
Die seun was honger, daarom	het ek 'n speelding gekoop.
Ek kon nie betaal nie omdat	het hy 'n eier gekook.
Ons kook water as	ek nie munte gehad het nie.

Ons doen Gebruik jou plakkers om te wys wat ons nodig het wanneer dit koud is.

Plak die plakkers in die korrekte spasies.

Om aan te trek

Om te slaap

Om te eet

Om die temperatuur te meet

Plak nou die korrekte plakkers in om die vier seisoene aan te dui.



AFR FAL Gr3 Book 2.indb 5 2012/10/01 11:29 AM

3 Die skoolmark

Ons praat

Lees die plakkaat en praat dan met jou maat oor die skoolmark.



Ons lees

Elke jaar in Augustus het ons skool 'n mark om geld in te samel. Ons help almal. Selfs ons ouers en onderwysers help. Hulle kook die kos en die kinders speel speletjies en hou resies. Ons het baie pret en speel speletjies en daar is baie eetgoed. Ons hoop dat dit nie sal reën nie.

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 6 2012/10/01 11:29 AM

Ons skryf

Lees die plakkaat en die storie en vul dan die korrekte antwoorde in.

Op watter datum vind die skoolmark plaas?
Hoe laat begin en eindig die skoolmark?
Hoeveel kos dit om in te gaan?
Gaan jy oumense of jongmense by die mark sien?

Ons skryf

Maak 'n lys van verskillende kossoorte wat jy by die skoolmark kan koop.

Ons skryf

Skryf 5 sinne oor die skoolmark.

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 7 2012/10/01 11:29 AM

4 My naweek

Ons doen Teken drie dinge wat jy laas naweek gedoen het. Wys vir jou maat jou prentjies en gesels met hom of haar oor wat jy gedoen het.

Ons skryf Skryf nou 'n sin oor elke prentjie. Jy moet dit in die verlede tyd skryf.

1
2
3

Werk met woorde Lees die woorde en luister na die klanke. Kies dan vyf woorde en gebruik dit om vyf sinne in jou oefeningboek te skryf.

Plak die plakker op die regte plek. Omkring dan die woord wat by die plakker pas.



trein	weier	leier
brein	steier	vlei
eier	breier	vleier

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 8 2012/10/01 11:29 AM

Woordkis

maak

mak

moenie

Ons skryf

Skryf nou 'n poskaart aan jou maat en vertel hom of haar wat jy laas naweek gedoen het.

Liewe _____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Van

_____

Maat se naam

_____

Huisnommer en straat

_____

Dorp of stad

_____

Poskode

Ons skryf

Gebruik hierdie woorde om jou te help om hierdie sinne in die verlede tyd te skryf.

was | het gegaan | gestap

Wanneer ons gesels oor dinge wat in die verlede gebeur het, noem ons dit die verlede tyd.

Dit is koud.
Gister
Dit reën.
Gister
Ek ry met die bus skool toe.
Gister
Johan stap skool toe.
Gister

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 9 2012/10/01 11:29 AM

5 Die skoolkonsert

Ons lees

Lees die program en die storie. Onderstreep dan die woord gaan en tel hoeveel keer dit op hierdie bladsy gebruik word.

Wat gaan jy sien?

Laerskool Wilgeheuwel hou konsert

Datum: 1 September
Tyd: 12:00
Waar: Skoolsaal

Program

Graad 4	Koor
Graad 3	Myndansers
Graad 2	Lentedans
Graad 5	Die kat en die muis
	Prysuitdeling

Wanneer ons gesels oor dinge wat in die toekoms gaan plaasvind, noem ons dit die toekomende tyd.

Volgende maand hou die Laerskool Wilgeheuwel Lentekonsert.
Die kinders gaan sing en dans. Eers gaan die koor sing.
Hulle gaan Die Padda wou gaan Opsit en Dis Heerlike Lente sing.

Daarna gaan Nomsa en Anita 'n spesiale dans oor die Kat en die Muis uitvoer.
Laastens gaan die skoolhoof pryse uitdeel.
Ek hoop ek gaan 'n prys kry.

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 10 2012/10/01 11:29 AM

Ons skryf

Watter klas gaan in die koor sing?	
Watter liedjies gaan hulle sing?	
Watter klas gaan die myn dans uitvoer?	
Watter klas gaan die lentedans uitvoer?	
Wie gaan die kat-en-muis-dans uitvoer?	
Wanneer vind die konsert plaas?	
Hoe laat begin dit?	

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Kies daarna vyf woorde en gebruik dit om vyf sinne in jou oefeningboek te skryf.

boek	moeg	soek
koel	boet	sproet
toet	groet	woel

Ons skryf

Skryf 5 sinne oor 'n skoolkonsert.

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 11 2012/10/01 11:29 AM

6 Wat ons gaan doen

Ons skryf

Trek die lyne na om uit te vind wat hulle die naweek gaan doen. Sê dan:

Nomsa gaan met die kat speel.

Plak die plakkers in die korrekte spasies.

Nomsa | Hanno en Danie | Jabu | Anita | Ken



Luister en herhaal

Môre sal ek my tuiswerk doen.
Môre sal hy sokker speel.
Môre sal sy skool toe gaan.
Volgende week sal ons konsert hou.
Volgende week sal hulle Durban toe gaan.

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 12 2012/10/01 11:29 AM

Woordkis

mag

ek

baie

moet

Ons praat

Vra 5 van jou maats wat hulle die naweek gaan doen.

Naam	Wat gaan hy of sy doen?
Johan	Speel sokker

Sê nou wat elkeen van jou maats die naweek gaan doen.

Johan gaan sokker speel.

vet

maer

Teenoorgesteldes is woorde wat teenoorstaande betekenisse het.

Ons skryf

Pas die woorde aan die linkerkant by die woorde met die teenoorgestelde betekenisse aan die regterkant.

groot	goed	vet	gelukkig	mooi
sleg	maer	klein	lelik	hartseer

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 13 2012/10/01 11:29 AM

7 Veiligheidsdag

Ons lees

Vandag het 'n brandweerman en 'n verkeersbeampte ons skool besoek. Hulle het vir ons pamflette gegee om te lees.

Padveiligheid

Wees op die uitkyk na 'n veilige
plek om die pad oor te steek.
Kyk oral om jou voordat jy die pad oorsteek.
Luister na verkeersgeluide.
As verkeer op pad is, WAG.
Kyk dan weer oral om jou.
As daar geen verkeer is nie, kan jy
die pad oorsteek.
Kyk en luister goed of
daar verkeer
aankom terwyl jy
die pad oorsteek.

Ons doen

- Maak 'n rolspel op vir jou maats te sê wat die verkeersbeampte gesê het.
- Maak dan nog 'n rolspel op om vir jou maats te sê wat die brandbestryder gesê het.

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 14 2012/10/01 11:29 AM

Brandveiligheid

Moenie met vuurhoutjies speel nie.
Jy moet altyd op twee maniere uit 'n vertrek kan kom as daar 'n brand uitbreek.

As daar 'n brand in jou huis is wat baie rook veroorsaak, moet jy kruip om rook en hitte te vermy.
Kom so gou as moontlik uit die huis uit.
Bel die brandweer.

Vir die pret

Help die brandbestryder om al sy toerusting te kry voordat hy by die brandende huis aankom.



AFR FAL Gr3 Book 2.indb 15 2012/10/01 11:29 AM

8 Om veilig te wees

Ons doen Teken nou 'n prentjie om te wys wat die brandweerman of die verkeersbeampte vir die kinders vertel het.

Ons skryf Skryf nou 5 sinne oor jou prentjie.

Werk met woorde Lees die woorde en luister na die klanke. Luister hoe die woorde in die blou raampies anders as die woorde in die pienk raampies klink.

sien	vies
siel	wiel
tier	klier

siek	fliek
vier	dier
bier	rivier



AFR FAL Gr3 Book 2.indb 16 2012/10/01 11:29 AM

Ons skryf

Kies vyf woorde en skryf vyf sinne in jou oefeningboek.

Woordkis

- my
- myself
- nooit
- nuut

sit | bles | kis | mes

bid | stres | bril | krip

bed | stem | lem | stil | bek

pit | gek | min | kring

hek | vlek | stik

i-klanke	
kis	

e-klanke	
lem	

Luister en herhaal

Hoeveel kos dit?
Hoeveel kos hierdie sjokolade?
Hoeveel kos hierdie pop?
Hoeveel kos hierdie boek?

Plak die plakkers op die regte plekke. Omkring dan die woorde wat by die plakkers pas.

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 17 2012/10/01 11:29 AM

9 Gesondheidsdag

Ons lees

Vandag het die verpleegster na ons skool toe gekom.
Sy het gesê dat ons goeie kos moet eet om gesond te bly.
Sy het vir ons 'n voedselkaart gewys. Ons moet meer kossoorte uit die onderste deel van die voedselpiramide eet.
Ons moenie lekkers of skyfies eet nie, en ons moenie koue koeldrank drink nie.
Ons moet eerder melk en water drink.
Ons behoort elke dag vrugte en groente te eet.
Ons behoort groentetuine by ons huise aan te plant en groente te kweek.

Ons skryf

Skryf in die eerste kolom watter kossoorte ons elke dag behoort te eet.
Skryf dan in die tweede kolom watter kossoorte ons nie behoort te eet nie.

Behoort te eet

Behoort nie te eet nie

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 18 2012/10/01 11:30 AM

Ons praat

Kyk na die voedselpiramide en vertel vir jou maat watter kossoorte die beste is om te eet.



Ons doen

Plak nou jou plakkers in die korrekte voedselboks.

Plak die plakkers in die korrekte spasies.

Vrugte en groente	Graan en graankos

Vleis, vis, hoender en eiers	Suiwelprodukte

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 19 2012/10/01 11:30 AM

10 Ons doen hersiening

Ons praat

Vertel vir jou maat van watter kossoorte jy hou en van watter jy nie hou nie. Sê:

Ek hou van wortels, maar ek hou nie van boontjies nie.

Ons skryf

Maak nou 'n lys van kossoorte waarvan jy hou en waarvan jy nie hou nie. Lees daarna jou maat se lys en sê van watter kossoorte hy of sy hou en van watter kossoorte hy of sy nie hou nie.

Ek hou van ...	Ek hou nie van ... nie.
wortels	boontjies

Ons skryf Vul die meervoude in.

Enkelvoud	Meervoud
kat	katte
hond	
sokkie	
appel	
boek	
hand	
kous	

Onthou 'n Paar meervoude wat effens anders gevorm word.

Enkelvoud	Meervoud
kind	kinders
bad	baddens
dag	dae
vis	visse
brief	briewe
gat	gate
skaap	skape



AFR FAL Gr3 Book 2.indb 20 2012/10/01 11:30 AM

Plak die plakkers op die regte plekke. Omkring dan die woorde wat by die plakkers pas.

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Kies dan vyf woorde en gebruik dit om vyf sinne in jou oefeningboek te skryf.

huis	tuis	buis
kluis	gruis	druis
vuis	kruis	muis

Ons skryf

Vul in so 'n of sulke.

Gebruik so 'n vir een ding en sulke vir meer as een.

Ek hou van _____ vrugte.	Ons Vlieg met _____ vliegtuig.
Ek skryf met _____ potlode.	Babas speel graag met _____ speelgoed.
Ek wil graag _____ hond hê.	_____ planete is baie ver.
Vuurpyl vlieg baie vinnig.	_____ groente is gesond.

Luister en herhaal

Let op die afkappingsteken.
Sy's my beste maat.
Hardloop, jy's laat vir skool.
Hierdie boeke is hulle s'n.
Wie't lus vir roomys?
Sy is nie hier nie. Sy't griep.
Daar's koeldrank in die yskas.

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 21 2012/10/01 11:30 AM

11 ONS HET PRET

Ons gaan kamp.



Ons lees

Het jy al ooit gaan kamp? Ons kamp in 'n wildreservaat saam met ons skoolmaats en ons het baie pret. Ons maak ons kos op 'n vuur gaar en slaap in 'n tent. Vannag is dit baie, baie donker, daarom moet ons ons flitsligte gebruik om te kan sien.

Ons hoor die hele tyd dieregeluide. Die uile hoehoe en die paddas kwaak.

Hanno en Nomsa wil die diere se spore volg om te kyk of hulle op 'n leeu of olifant kan afkom. Ek hoop nie hulle kry enige leeus naby ons tent nie.

In die donker nag sien ons miljoene sterre wat deur die bome skyn.

Ons sing almal "Vonkel, vonkel ster so klein".

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 22 2012/10/01 11:30 AM

Woordkis

nou
op
môre
oop

Ons skryf Lees die storie en beantwoord dan die vrae.

Waar is die kinders?

Hoe maak hulle hul kos gaar?

Wat wil Hanno en Nomsa doen? Waarom?

Sal jy daarvan hou om 'n leeu naby jou tent raak te loop? Waarom of waarom nie?

Watter geluide hoor hulle?

Werk met woorde Lees die woorde en luister na die klanke. Die klanke van die woorde in die blou raampies verskil van die klanke van die woorde in die pienk raampies.

kis	kus
dis	dus
mis	mus
stik	stuk

tjank	sjampoe
tjop	sjokolade
tjirp	sjuut
tjoekie	sjef

Ons skryf Breek hierdie woorde in hul klanke op. Klap dan die klanke.

geluide
ge lui de

olifant

reservaat

vannag

miljoene

flitsligte

Ons skryf Skryf nou die woorde in alfabetiese orde.

a b c d e f g h i j k l m n o p q r s t u v w x y z

1		4	
2		5	
3		6	

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 23 2012/10/01 11:30 AM

12 In die nag

Ons sing

Vonkel, vonkel ster so klein

Vonkel, vonkel ster so klein,
Kyk net hoe jou liggie skyn.
Jy woon ver bo in die lug,
Wat 'n pragtige gesig.

As die son die wêreld groet,
As hy droom van dinge soet,
Dan sit jy jou flitslig aan,
Om vir ons die weg te baan.

Vonkel, vonkel ster so klein,
Kyk net hoe jou liggie skyn.
Jy woon ver bo in die lug,
Wat 'n pragtige gesig.

Plak die plakkers op die regte plekke.

Ons skryf

Skryf hierdie sinne oor en begin elke sin met "Gister".
Ons het die eerste sin vir jou gedoen.

Ons loop in die donker.
Gister het ons in die donker geloop.
Ons maak ons kos op die vuur gaar.
Gister
Nomsa en Hanno soek na 'n leeu.
Gister
Vandag kamp ons in 'n wildreservaat.
Gister

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 24 2012/10/01 11:30 AM

Plak die plakker op die regte plek. Omkring dan die woord wat by die plakker pas.

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Kies dan vyf woorde en gebruik dit om vyf sinne in jou oefeningboek te skryf.



tolle	velle	stelle
bolle	kolle	malle
balle	dolle	walle

Vir die pret

Volg die spore en kyk op watter dier jy afkom.

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 25 2012/10/01 11:30 AM

13 Ons gaan visvang

Ons lees



Visvangerstraat 27
Nuwedorp 3074
6 September 2013

Liewe Johan
Ons het `n langnaweek gehad en my pa het ons dam toe geneem om te gaan visvang. Ons het ons visstokke saamgeneem. Ons het ook `n groot pot en pan saamgeneem om die vis wat ons gevang het gaar te maak.
Ons het gewag en gewag, maar niks gevang nie. Toe het Nomsa met die paddas gespeel, Karla het boomgeklim en Anita het die eende gevoer.
Later het die son begin sak. Ons het opgepak en huis toe gery. Ons was almal baie honger toe ons by die huis gekom het. Ek hoop jy sal die volgende langnaweek saam met ons kom visvang.

Jou maat
Jabu

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 26 2012/10/01 11:30 AM

Ons skryf

Wie het die brief geskryf?

Aan wie het hy die brief geskryf?

Op watter datum het hy die brief geskryf?

Waarom het hulle 'n pot en pan rivier toe geneem?

Woordkis

fliek
vlooi
vleg
fees

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die middelklanke. Kies dan vyf woorde en gebruik dit om vyf sinne in jou oefeningboek te skryf.

lekker	klokke	bitter
wekker	sukkel	witter
akker	watter	natter
wakker	botter	knetter

Vir die pret

Wat het hulle gevang? Trek die strepe na en sê wat elke kind gevang het.

Sê: Thandi het 'n skoen gevang.



AFR FAL Gr3 Book 2.indb 27 2012/10/01 11:30 AM

14 Ná die visvangery

Ons praat

Gesels met jou maat oor jou nuus.
Gesels oor dinge wat by die skool en tuis gebeur het.

Ons skryf

Skryf nou 'n brief aan jou maat om hom of haar jou nuus te vertel.

_____
Huisnommer en straatnaam

_____
Stad of dorp

_____ Poskode

_____ Skryf die datum hier

Liewe _____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Van

_____
Skryf jou naam hier.

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 28 2012/10/01 11:30 AM

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Kies dan vyf woorde en gebruik dit in vyf sinne in jou oefeningboek.

masjien	wurm	skerm
atiesjoe	warm	derm
kasjoeneut	arm	swerm

Ons skryf

Voltooi hierdie woorde deur rm, sj of str in te vul.

rm | sj | str

atie_ _oe	ma_ _ ien	ka_ _ oeneut	wu_ _
			
_ _ _aat	_ _ _ ykyster	a_ _	wa_ _
_ _ _ooitjie	_ _ _ and	_ _ _epe	swe_ _

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 29 2012/10/01 11:30 AM

15 Die pretpark



Ons lees

Lees hierdie bladsy uit Anita se dagboek.

15 September

Liewe Dagboek

Vandag het ons saam met ons maats na die pretpark gegaan. Ons het op die ferriswiel of groot wiel en die mallemeule gery. Later het ek en Nomsa verdwaal. Ons het nie geweet waar om die ander te kry nie. Ons het oral gekyk en ons onderwyser se naam geroep, maar ons kon hulle nie kry nie. Dit het begin donker word en ek was bang. Nomsa het begin huil. Toe het ons 'n polisievrou gesien. Sy het ons gehelp om ons onderwyser te kry. Ons het nog op een rit gegaan en toe met die bus terug huis toe gegaan. Ek wil nooit weer verdwaal nie.

Ons praat

Gesels met jou maat oor wat met Nomsa en Anita gebeur het. Hoe het hulle hul probleem opgelos?

AFR FAL G3 Book 2.indb 30 2012/10/01 11:30 AM

Plak die plakkers in die korrekte spasies. Omkring dan die woorde in die woordboks wat by die plakkers pas.



Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Kies dan vyf woorde en gebruik dit in vyf sinne in jou oefeningboek.

telefoon	geografie	alfabet	fiets
dolfyn	nefie	kafee	dryfsand
olifant	trofee	foto	familie

Ons skryf

Skryf sinne oor elk van die prentjies. Ons het die sinne vir jou begin skryf. Gebruik hierdie woorde om jou te help.

sing | het gesing | sal sing | verf | het geverf

sal verf | ry fiets | het fietsgery | sal fietsry

Gister het ek

Vandag

Môre sal ek sing.

Gister het ek

Vandag

Môre sal ek

Gister het ek

Vandag

Môre sal ek

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 31 2012/10/01 11:31 AM

Ons skryf Skryf in jou dagboek oor die probleem wat julle gehad het.

Datum: _____

Liewe Dagboek _____

POLISIE:

10111

Ons skryf Skryf die inligting neer wat jy moet ken as jy verdwaal. Probeer om die inligting te memoriseer.

NAAM EN VAN:	TELEFOON:
ADRES:	MY VINGER-AFDRUKKE Gebruik lipstiffie en maak 'n vingerafdruk van jou linkerduim en regterduim. LINKS REGS

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 32 2012/10/01 11:31 AM

Vir die pret Plaas hierdie woorde in die korrekte klankbokke.

vuil	kerm	stroom	bier	lekker	sjuut	bitter	tjirp
tuin	tier	wikkel	sjokolade	natter	tjoekie	arm	strik
kruip	tjop	knetter	tjank	swerm	stres	siek	sukkel
duif	sjampoe	wurm	strek	wiel	akker	sjef	botter



AFR FAL Gr3 Book 2.indb 33 2012/10/01 11:31 AM

17 Die kostuumpartytjie

Ons lees

Vandag is Jabu 9 jaar oud. Ons het onder die bome langs die meer partytjie gehou. Lente is 'n goeie tyd vir 'n partytjie omdat dit nie te warm of te koud is nie.

Almal het spesiale klere aangetrek. Daar was 'n Superman en 'n Spiderman en Sneeuwitjie en 'n feetjie by die partytjie.

Ons het nie geweet wie die kinders was nie.

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 34 2012/10/01 11:31 AM

Woordkis

lag
laat
lig
lieg

Ons skryf

Lees die storie en die uitnodiging.
Beantwoord dan hierdie vrae.

Wie se verjaarsdag is dit?

Hoe oud word hy?

Waar word die partytjie gehou?

Hoe lank hou die partytjie aan?

Wat moet die kinders aantrek?

As jy sou kan gaan, wat sou jy aantrek?

Ons praat

Skryf vrae wat met hierdie woorde begin.
Vra dan die vrae vir drie maats en skryf hul antwoorde neer.

Wat is jou naam?			
Waar _____?			
Wanneer _____?			
Hoekom _____?			
Wie _____?			
Hoe _____?			

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 35 2012/10/01 11:31 AM

18 Ons kry dit reg

Ons skryf Kies die korrekte woord en kleur dit in.



Die meisie het	verdwaal	huil	.
Hulle is by die	pretpark	storm	.
Hy	is	het	die drywer.
Die	polisievrou	blomme	neem die meisie huis toe.
Die kinders	gaan	gegaan	skool toe.
Die hond	lag	blaf	vir die seun.

Ons skryf Lees elke sin, en omkring dan die voornaamwoord wat jy in die plek van die onderstreepte woord kan gebruik.

Ken is my beste maat.	jy	(hy)	sy	ons	hulle	dit
Ek en Nomsa het by Annie gaan kuier.	jy	hy	sy	ons	hulle	dit
Die netbalspan gaan Durban toe.	jy	hy	sy	ons	hulle	dit
Die hond het vandag in die klas ingekom.	jy	hy	sy	ons	hulle	dit
Nomsa het 'n trui nodig.	jy	hy	sy	ons	hulle	dit
Ken en Nomsa is my beste maats.	jy	hy	sy	ons	hulle	dit
Ek en Annie het gaan visvang.	jy	hy	sy	ons	hulle	dit
Jabu en Ken speel sokker.	jy	hy	sy	ons	hulle	dit
Die kat het 'n vis opgevreet.	jy	hy	sy	ons	hulle	dit
Ken het 'n vis gevang.	jy	hy	sy	ons	hulle	dit

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 36 2012/10/01 11:31 AM

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Kies dan vyf woorde en gebruik dit om sinne in jou oefeningboek te skryf.

ketting	stoel	kaas
wettig	stel	gaas
prettig	stal	blaas
skattig	stam	vaak

Plak die plakkers op die regte plekke. Omkring dan die woorde wat by die plakkers pas.

Ons skryf

Vul die korrekte punktuasietekens aan die einde van hierdie sinne in.

Veels geluk, jy is die nuwe kampioen!	!
Hoe oud is jy	
Ek woon in Limpopo	
Wanneer is jou verjaarsdag	
Waar woon jy	
Nee, moenie dit doen nie	
Kan ek asseblief saam met jou ry	
Ken is my beste maat	

Onthou,
ons gebruik 'n vraagteken ? of 'n uitroepteken ! of 'n punt . aan die einde van 'n sin.

Luister en herhaal

Vra om hulp

Ek het verdwaal, kan jy my asseblief help?
Kan jy my asseblief die pad wys?
Sal jy asseblief die lig aanskakel?
Kan ek asseblief saam met jou ry?
Sal jy asseblief my boek terugbring?
Sal jy asseblief vir my ma 'n SMS stuur?
Sal jy asseblief die deur oopmaak?
Sal jy asseblief my potlood skerpmaak?

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 37 2012/10/01 11:31 AM

19 Die storie van die lelike eendjie



Ons lees Maak hierdie knipselboek sodat jy die storie *Die lelike eendjie* kan lees.



Ons skryf Lees die storie *Die lelike eendjie* en skryf dan 5 sinne om die storie te vertel.

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 38 2012/10/01 11:31 AM





Daarna gaan hulle na die plaas toe.
Die ander diere is lelik met die lelike eendjie. Die henne pik hom en die hond blaf vir hom.

Net toe swem swane verby.
Hulle roep die lelike eendjie en sê hy moet saam met hulle kom swem. Die lelike eendjie spring in die water. Hy voel baie gelukkig.

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 39 2012/10/01 11:31 AM

Mamma-eend het met haar familie op 'n plaas gewoon. Sy het op 7 eiers gesit en broei. Sy het gewag dat hulle uitbroei.

Deur sy trane kyk hy af na sy vere. Hy sien sy weerkaatsing. Hy is 'n pragtige swaan.

Al die ende het in die water gesprring. Hulle het almal geswem en gespeel. Die lelike eendjie het beter as al die ander eendjies geswem.

En aand het die lelike eendjie besluit om weg te loop.

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 40 2012/10/01 11:31 AM

Die eiers het begin uitbroei.

Die eendjie is baie hartseer en eensaam. Hy begin huil.

Moeder Eend neem al haar babaeendjies na die dam toe.



Hy gaan rivier toe. Hy sien baie pragtige groot voëls wat in die rivier swem. Hul vere is so glad. Hulle het lang nekke. Hul vlerke is so mooi.

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 41 2012/10/01 11:31 AM

Op 'n dag is dit winter. Daar is oral sneeu. Die rivier verander in ys. Die lelike eendjie is baie koud en ongelukkig.



Moeder Eend sit en sit op die groot eier. Uiteindelik kraak dit oop. Die laaste baba-eendjie spring uit. Hy lyk groot en sterk, maar hy is 'n baie lelike eendjie.

En toe word dit lente. Die son skyn weer en die bome is vars en groen. Een oggend sien die lelike eendjie weer die pragtige swane.

Toe kraak die eiers een vir een oop. Almal behalwe een. Dit is 'n baie groot eier.

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 42 2012/10/01 11:31 AM

Woordkis

begin
hou op
neem
vertel

Ons skryf Vul hierdie opdragte in die regte spraakborrels in.

Bly stil!

Moenie met vuurhoutjies speel nie!

Moenie die straat oorsteek nie!

Moenie aan die gebreekte glas raak nie!

Moenie mors nie!

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 43 2012/10/01 11:31 AM

HIER EN DAAR

20 Ons vertel die Poe-storie

Ons praat

Lees die storie van Winnie-die-Poe en vertel vir jou maat wat gebeur het. Sê:

Eers ...

Daarna ...

En toe ...

Uiteindelik ...

Vul nou die antwoorde op hierdie vrae in.

Wie is die karakters in die storie?
Waar vind die storie plaas? Wat is die agtergrond?
Wat gebeur aan die einde van die storie?

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 44 2012/10/01 11:31 AM

AFR FAL Gr3 Boek 2.indb 45 2012/10/01 11:31 AM





Vandag gaan kuier Poe by Hasie in sy gat. Hy kan nie deur die deurtjie kom nie omdat dit baie smal is.

Poe het al Hasie se heuning opgeëet en Hasie was baie kwaad. Poe se maag was baie vol en hy was spekvet omdat hy soveel heuning geëet het.

Winnie-die-Poe woon in die bos.
Hy het baie maats. Hulle is allerhande grootte en vorms.

Poe het skielik losgekom.
En wat het hy gedoen?
Hy het gehardloop om
heuning te gaan soek.
Sy maag het gegrom
van die honger.



En so het Poe-beer 'n hele week lank in die gat vasgesit.

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 46 2012/10/01 11:31 AM

Poe se maag is altyd lus vir heuning. Hy is altyd op soek na nog heuning om te eet.

Een dag het Poe ballonne gebruik om tot by die boom se hoë takke te sweef om sy heuning te kry. Hy het om hulp geroep toe die bye hom begin steek het.

Die bye gaan hom steek.

Bars die ballon, dan sal jy ondertoe kom.

Jy sal 'n week lank moet wag totdat jy maer is. Dan sal ons jou uitkry.

Jy het te veel heuning geëet.

Sy maats het hom probeer help, maar hy kon nie in of uit die haas se gat kom nie.

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 47 2012/10/01 11:31 AM

Op 'n dag was Poe se heuning op. Hy het die bodem van sy pot gelek en toe het sy kop vasgesit.

Op 'n dag het Poe in 'n boom geklim om heuning uit 'n bijekorf te haal. Die tak het gebreek en hy het in die hoë boom vasgesit.



Arme Poe moes wag totdat hy maer genoeg was om uit die gat te kom. Sy maats Bongi en Christopher Robbin het elke dag vir hom kom lees. Ná 'n week het sy maats weer probeer om hom uit te trek.
Hulle het getrek en getrek ...

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 48 2012/10/01 11:31 AM



Ons lees

Lees hierdie gedig hardop terwyl jou maat voorgee om Christopher Robbin te wees en rondspring. Daarna moet jou maat lees terwyl jy voorgee om Christopher Robbin te wees.

Christopher Robbin, hy
Hop, spring, hop
Hoppela, hoppela, hop.
Wanneer ek hom ook al
Mooi vra om te stop,
Sê hy hy kan glad nie ophou nie.
As hy sou ophou hop,
Kan hy nêrens heen gaan nie,
Arme klein Christopher
Kan nêrens heen gaan nie ...
En dis waarom hy altyd spring
Hoppela, hoppela,
Hoppela,
Hoppela,
Hop.

A A Milne

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 49 2012/10/01 11:31 AM

21 Ons duik diep in die see

Ons praat

Het julle al ooit gewonder wat onder die see woon?
Kyk na die prentjie en gesels met jou maats oor die soorte vis wat jy sien.

Plak die plakkers op die regte plekke.

Ons lees

Laas naweek het Jabu en sy maats gaan duik. Hulle het diep in die see afgegaan. Hulle het paddavoete aan hul voete gehad om hulle te help om s terk te swem. Hulle het ook duikbrille gedra sodat hulle onder die water kon sien. Hulle het baie verskillende soorte visse gesien wat in en uit die seegras swem.

Seesterre	Hulle het vyf arms. As een arm afbreek, groei 'n ander een in sy plek.
Seeperdjies	Hulle kan van kleur verander om hulleself te beskerm. Hul oë beweeg afsonderlik sodat hulle reg rondom hulle kan sien.
Seekatte	Hulle kan ook van kleur verander. Hulle is sag en kan deur klein ruimtes beweeg. Hulle het agt lang arms wat hulle help om baie vinnig te swem.
Harlekynvis	Hulle is baie klein, maar dis maklik om hulle te sien. Hulle is oranje of rooi, met groot wit strepe oral oor hul lywe.
Seeslange	Hulle lyk soos gestreepte slange wat in die see swem.
Jellievis	Hulle lyk soos groot stukke jellie wat rondsweef.

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 50 2012/10/01 11:32 AM

Woordkis

oud

op

oop

Ons doen

Benoem hierdie vis. Ons het 'n paar van die byskrifte vir jou ingevul. Skryf die res in die korrekte spasies.

neusgate | kieu | oog | onderkaak | maag | stert | vin | skubbe

vin



skubbe

Ons skryf

Beantwoord hierdie vrae.

Noem drie verskillende visse wat Jabu en sy maats in die see gesien het.

Wat gebeur as 'n seester een van sy arms verloor?

Waarom verander seeperdjies van kleur?

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Kies dan vyf woorde en gebruik dit om vyf sinne in jou oefeningboek te skryf.

Plak die plakker op die regte plek. Omkring dan die woord wat by die plakker pas.

uil	huil	hard	kar
duim	suip	alarm	warm
vuil	juig	smart	vark

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 51 2012/10/01 11:32 AM

22 Om dit reg te doen

Plak die plakkers op die regte plekke.

Ons doen Plak die ontbrekende plakkers in die regte volgorde.

warm	warmer	warmste

hoog	hoër	hoogste

Skryf nou 'n sin oor een van die prentjies.

Luister en herhaal Sê die sin hardop. Trek dan 'n streep van die sin na die regte prentjie.

- Ek het my boek.
- Jy het jou tandeborsel.
- Hy het sy liniaal.
- Sy het haar pen.
- Hy het sy been.
- Ons het ons boeke
- Hulle het hul poppe.

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 52 2012/10/01 11:32 AM

Ons skryf

Hierdie woorde is voornaamwoorde. Gebruik dit om jou te help om hierdie sinne te voltooi.

jou | sy | haar | hulle | my | ons

Hy het sy tuiswerk gedoen.

Sy het ____boek skool toe geneem.

Hulle het _____aandete geëet.

Ek het _____middagete geëet.

Jy moet _____tuiswerk doen.

Die hond het _____kos geëet.

Ons het _____tuiswerk gedoen.

Ons skryf

Soek en omkring die weggesteekte woorde. .

Plak die plakkers op die regte plekke.

s	e	e	i	o	d	s	t
e	r	e	s	k	a	t	w
e	a	v	i	s	k	l	o
s	e	i	r	o	e	r	s
t	h	a	a	i	k	i	e
e	n	s	k	r	a	p	a
r	a	v	i	n	w	m	a
b	o	o	t	e	a	v	n

see
vis
krap
seester
oseaan
boot
skat
vin
haai



AFR FAL Gr3 Book 2.indb 53 2012/10/01 11:32 AM

23 Maak 'n skoenboks-akwarium

Ons doen

Wat jy benodig

- 'n skoenboks
- 'n verfkwas
- 'n bietjie blou en groen verf
- kleefband
- 'n skêr
- plakkers van visse en seegras
- klippies en skulpe



Wat jy moet doen

1. Verf die binnekant van 'n skoenboks deur blou en groen verf te gebruik.
2. Draai die boks op sy sy.
3. Wanneer die verf droog is, moet jy die seegrasplakkers teen die agterkant en sykante van die boks plak.
4. Knip die vissies op die volgende bladsy uit.
5. Knip 'n paar stukkies tou van sowat 10 cm tot 15 cm lank.
6. Plak die tou aan die vissies vas deur kleefband te gebruik.
7. Plak die ander kant aan die bokant van die skoenboks vas sodat hulle afhang.
8. Plaas klippies en skulpe op die bodem van die boks sodat dit soos die seebodem lyk.





Ons praat

Verduidelik nou aan jou maat wat jy nodig het en wat jy moet doen om die skoenboks-akwarium te maak.

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 54 2012/10/01 11:32 AM

Woordkis

kerk

sê

lek

Ons skryf Beantwoord nou hierdie vrae oor hoe om die akwarium te maak.

Wat is die eerste ding wat jy moet doen?

Wat is die laaste ding wat jy moet doen?

Waarvoor het jy die kleefband nodig?

Waarom het jy blou en groen verf nodig?

Wat doen jy as die verf droog is?

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 55 2012/10/01 11:32 AM

24 Ek kan iets maak ...

Ons skryf

Skryf instruksies vir iets wat jy kan maak.
Verduidelik dit dan aan jou maat.

Hoe om 'n _____ te maak

Wat jy benodig

Wat jy moet doen

1
2
3
4
5

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 56 2012/10/01 11:32 AM

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke.
Kies dan vyf woorde en gebruik dit om vyf sinne in jou oefeningboek te skryf.

Plak die plakkers op die regte plek. Omkring dan die woorde wat by die plakkers pas.

draai	haar	voël
weer	swaai	stof
brand	kiem	hemp
verpleegster	varing	eerste
seer	ruk	terg
jas	kudde	meisie
bars	trui	romp

Werk met woorde

Vertel vir jou maat hoeveel dinge daar in elke sirkel is.
Sê:

Dit is 'n kersie.

Hier is drie kersies.

Voltooi nou hierdie tabel. Skryf die meervoud van elke woord in die regterkantse kolom.

Enkelvoud	Meervoud
'n kersie	3 kersies
'n baba	
'n hondjie	
'n poeding	
'n aarbei	
'n familie	
'n fopspeen	

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 57 2012/10/01 11:33 AM

25 Om 'n storie op te maak

Ons doen

Kies 'n boekomslag vir die boek wat die kinders lees. Plak die regte plakker op die boekomslag om die verkeerde titel te bedek.

Ons praat

Kyk nou na die boekomslag en gesels met jou groep oor waaroor jy dink die boek handel.

Ons skryf Gebruik jou verbeelding om die antwoorde in die spasies hieronder te skryf.

Wie dink jy is die karakters in die boek?

Is hulle almal mense?

Wat is hul name?

Waar vind die storie plaas?

Wat gebeur in die storie?

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 58 2012/10/01 11:33 AM

Ons skryf

Skryf hierdie sinne in die verlede tyd en daarna in die toekomende tyd oor.

Woordkis

- oupa
- op
- oes
- oop

Vandag het ek 'n draak ontmoet.
Gister
Volgende week
Ek vlieg nou ruimte toe om 'n ruimtewese te sien.
Gister
Môre
Ek doen my tuiswerk.
Gister
Môre

Vir die pret

Help Lulu om die pad na haar ruimtetuig te vind.

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 59 2012/10/01 11:33 AM

26 Skryf jou eie storie

Ons skryf

Skryf byvoeglike naamwoorde om die draak en die ruimtewese te beskryf.

Byvoeglike naamwoorde is woorde wat dinge beskryf.

Ons skryf

Vul in wat die draak en Ben vir mekaar sê.

Ons skryf

Vul nou in wat Lulu en die ruimtewese vir mekaar sê.

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 60 2012/10/01 11:33 AM

Ons skryf Skryf nou jou storie.

Gebruik 'n paar plakkers van die plakkerbladsy om jou storie te illustreer.



Vandag

Toe

Daarna

Uiteindelik

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 61 2012/10/01 11:33 AM

27 Iets oor die karakters

Ons skryf

Verbeel jou jy is Ben of Lulu.
Skryf in jou dagboek wat vandag met jou gebeur het.
Sê hoe jy gevoel het toe jy die draak of die ruimtewese ontmoet het.



Liewe Dagboek

Vandag

Ons skryf

Skryf die vrae neer wat jy vir die ruimtewese of die draak sal vra.
Begin met hierdie woorde en onthou om 'n vraagteken ? aan die einde van elke sin te gebruik.

Wat
Waar
Waarom
Wanneer
Wie
Hoe

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 62 2012/10/01 11:33 AM

Loop en gesels

Vind uit by die kinders in jou klas hoeveel van hulle die draakboek gekies het en hoeveel die boek oor die ruimtewese gekies het.

Teken 'n tabel om te wys watter boek die kinders gekies het. Kleur een blokkie aan die linkerkant in vir elke kind wat die draakboek gekies het.
Kleur een blokkie aan die regterkant in vir elke kind wat die boek oor die ruimtewese gekies het.

Woordbokss

ons
kop
pakkie
plaas

Ons skryf

Hoeveel kinders het elke boek gekies?
Watter boek het die meeste kinders gekies?
Waarom dink jy het die meeste kinders hierdie boek gekies?

Ons doen

Plak die ontbrekende plakkers in die regte volgorde in.
Skryf dan 'n sin oor een van die prentjies.

Plak die plakkers op die regte plekke.

vinnig

vinniger

vinnigste

stadig

stadiger



stadigste

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 63 2012/10/01 11:33 AM

28 ONS LEER VAN TYD

Die maande van die jaar

Ons praat

- In watter maande is die weer warm?
- In watter maande is die weer koud?
- Gesels met jou maat oor die aktiwiteite wat die kalender in elke maand wys.
- Gesels oor die dinge wat jy tot dusver vanjaar gedoen het. Vul dit op die kalender in.
- Vul in wat jy beplan om die res van die jaar te doen. Skryf daardie aktiwiteite ook neer.

Januarie

Februarie

Maart

April

Mei



Junie

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 64 2012/10/01 11:33 AM

Julie

Augustus

Woordkis

- plak
- praat
- pret
- put

September

Oktober

November

Desember

Ons skryf

Wat is jou gunsteling-maand? Waarom is dit jou gunsteling?

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 65 2012/10/01 11:33 AM

29 Wat ons doen

Ons praat Kyk wat hierdie kinders doen.
Gesels met jou maat oor wat elke kind doen.

Ons skryf Vul nou die nommer van elke prentjie onder die korrekte opskrif in. Skryf dan 'n byskrif langs die nommer om te sê wat hulle doen.

Skoolwerk

13 lees

Speel

Huiswerk

Om myself te versorg

Gebruik vervoer

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 66 2012/10/01 11:33 AM

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Kies dan vyf woorde en gebruik dit om vyf sinne in jou oefeningboek te skryf.

Plak die plakkers op die regte plekke. Omkring dan die woorde wat by die plakkers pas.

swem	sing	hardloop	spring
stap	praat	skaats	sprong
bak	huppel	vat	hop

Ons skryf

Plak hierdie prentjieplakkers in die regte volgorde en skryf dan 'n sin oor wat in elke prentjie gebeur.

Plak die plakkers op die regte plekke.

1

Die hond het die kat in die boom opgejaag.

2

3

4

Rolspel

Maak 'n rolspel oor hierdie storie op. Besluit hoeveel rolspelers jy nodig het. Voer dan die rolspel vir die klas op.

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 67 2012/10/01 11:34 AM

30 Hoe laat is dit?

Ons doen

Knip hierdie horlosiewysers uit. Gebruik wondergom om verskillende tye te wys. Vertel vir jou maat watter tye jy wys.

Ons praat

Praat met jou maat oor die dinge wat ons op verskillende tye van die dag doen.

Plak die plakkers om te wys wat jy op die verskillende tye van die dag of nag doen.

Omkring die nagaktiwiteite in blou en die dagaktiwiteite in geel.

Plak die plakkers op die regte plekke.



Ons praat

Praat met jou maat oor wat jy op elk van die tye doen wat in die prentjies gewys word. Vul dan hierdie woorde onder die regte prentjies in.

sonsopkoms | dag | sonsondergang | nag

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 68 2012/10/01 11:34 AM

Werk met woorde

Lees hierdie woorde en luister na hoe hulle eenders klink, al word hulle verskillend gespel. Hulle het ook verskillende betekenisse. Kies dan drie pare woorde en skryf in jou oefeningboek 'n sin oor elke woord om te wys wat elke woord beteken. Jy moet altesaam 6 sinne skryf.

styl	steil
bont	bond
lid	lit
nood	noot
wei	wy

Ons skryf

Teken die wysers om verskillende tye op hierdie horlosies te wys. Skryf dan 'n sin oor wat jy gewoonlik op daardie tye doen.









Luister en herhaal

Sê dit asseblief weer!

Ek is jammer, ek het jou nie gehoor nie.
Verskoon my, ek het jou nie gehoor nie.
Kan jy dit asseblief weer sê?
Herhaal asseblief wat jy gesê het.

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 69 2012/10/01 11:34 AM

31 Wat ons doen

Ons praat Kyk na die prentjies en vertel vir jou maat waarvan die kinders hou of nie hou nie. Sê:

Anita hou daarvan om fiets te ry en piesangs te eet.

Sy hou nie daarvan om TV te kyk en aartappelskyfies te eet nie.

	Hou daarvan	Hou nie daarvan nie	Hou daarvan	Hou nie daarvan nie
Anita				
Ken				
Jan				
Nomsa				

Ons skryf Skryf nou een sin oor dit waarvan elke kind hou en nie van hou nie.

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 70 2012/10/01 11:34 AM

Ons skryf

Skryf 'n brief om te sê wat jy laas naweek gedoen het.

Woordkis

- gaan
- goed
- gholf
- ghong

Datum: _____

Liewe _____

Ek het laas naweek soveel pret gehad.

Eers het ek

Daarna het ek

Laaste het ek

Kom kuier gou by ons.

Jou maat

_____

Ons teken

Teken 'n prentjie van dit wat jy laas naweek gedoen het.

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 71 2012/10/01 11:34 AM

32 Klein tromslanertjie

Ons doen

Plak die plakkers en maak 'n Kersfees-abc.
Vertel vir jou maat waarvoor elke letter staan.

a	b	c	d	e
f	g	h	i	j
k	l	m n	o	p
q	r	s	t	u v
w	x		y	z

Ons skryf

Ken jy enige ander Kersliedjies?
Skryf die woorde neer van 'n ander liedjie wat by 'n feestelike geleentheid gesing word.

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 72 2012/10/01 11:34 AM

Klein tromslanertjie

Kom, het hulle gesê, pa ram pam pam pam
'n Koning is gebore, pa ram pam pam pam
Ons bring geskenke mooi, pa ram pam pam pam
Om vir die Koning te gee, pa ram pam pam pam,
Ram pam pam pam, ram pam pam pam.
Ons bring hom die eer, pa ram pam pam pam,
As ons kom.
Kleine babatjie, pa ram pam pam pam
Ek's ook 'n arm seun, pa ram pam pam pam.
Ek het niks om te bring, pa ram pam pam pam
Wat by 'n Koning pas, pa ram pam pam pam,
Ram pam pam pam, ram pam pam pam
Sal ek vir jou speel, pa ram pam pam pam,
Op my trom?
Maria knik toe ja, pa ram pam pam pam,
Die os en lam hou tyd, pa ram pam pam pam,
Ek speel my trom vir hom, pa ram pam pam pam
Ek speel so goed ek kan, pa ram pam pam pam,
ram pam pam pam, ram pam pam pam,
Toe glimlag hy vir my, pa ram pam pam pam
Ons bring ons beste goed, pa ram pam pam pam
Om vir die Koning te gee, pa ram pam pam pam,
ram pam pam pam, ram pam pam pam,
So bring ons eer aan Hom, pa ram pam pam pam,
As ons kom.
Kleine babatjie, pa ram pam pam pam
Ek's ook 'n arm seun, pa ram pam pam pam
Ek het niks om te bring, pa ram pam pam pam
Wat by 'n Koning pas, pa ram pam pam pam,
ram pam pam pam, ram pam pam pam,
Sal ek vir jou speel, pa ram pam pam pam,
Op my trom?
Maria knik toe ja, pa ram pam pam pam,
Die os en lam hou tyd, pa ram pam pam pam,
Ek speel my trom vir hom, pa ram pam pam pam
Ek speel so goed ek kan, pa ram pam pam pam,
ram pam pam pam, ram pam pam pam,
Toe glimlag hy vir my, pa ram pam pam pam
Vir my en my trom.

Ons sing

Sing hierdie Kersliedjie

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 73 2012/10/01 11:34 AM

33 Kerstyd

Luister en herhaal

Maak 'n regmerkie ✓ langs die sinne wat korrek is. As hulle verkeerd is, maak 'n ✗ en skryf dan die korrekte antwoord.

Daar is 10 mense in hierdie prentjie.	✓	
Die baba huil.		
Die kat hardloop weg vir die hond.		
Daar is 10 geskenke onder die boom.		
Daar is 'n ster op die meisie se pienk hemp.		
Almal lyk ongelukkig.		
Dit is aand.		
Drie kinders kom by die deur in.		

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 74 2012/10/01 11:34 AM

Ons skryf Vul een van hierdie klanke in sodat jy woorde kan vorm wat by elke prentjie pas.

Woordkis

- tjoef-tjaf
- jippie
- kind
- kant

dr | str | kr | tr | br | gr

_ _ood	_ _as	_ _ap	_ _aat
_ _uiwe	_ _om	_ _aai	_ _ug

Ons skryf Skryf 'n Kerskaartjie vir elk van jou maats en jou onderwyser.
Skryf 'n spesiale boodskap op elkeen.

34

Werk met woorde

Doen hierdie woordsomme.

kr	amp	kramp
st	amp	
kl	amp	
wa	rm	
wu	rm	
ala	rm	
br	eek	
br	ak	
br	ood	
str	aat	
str	oom	
str	eel	
gr	as	
gr	oen	
gr	ap	
br	iek	
br	uin	
br	ul	

het hierdie kaartjie gemaak.

Luister en herhaal

Het jy dalk suiker?	Kan ek asseblief 'n bietjie suiker kry?
Het jy dalk melk?	Kan ek asseblief 'n bietjie melk kry?
Het jy dalk tee?	Kan ek asseblief 'n bietjie tee kry?
Het jy dalk vrugtesap?	Kan ek asseblief 'n bietjie vrugtesap kry?

Werk met woorde

Gebruik een van hierdie klanke om hierdie woorde te voltooi sodat dit by die prentjies pas. Gebruik dan vyf woorde om sinne te maak, en skryf dit in jou oefeningboek.

pa | ha | gro | ba | vu | ma | ta | ha

__rk

__rk



__rk

__rk

__nd



___nd

__nd



__nd

Luister en herhaal

Om aanwysings te vra

Kan jy my vertel hoe om by die bushalte te kom?
Kan jy my vertel hoe om by die park te kom?
Kan jy my vertel hoe om by die skoolhoof se kantoor te kom?

AFR FAL Gr3 Book 2.indb 77 2012/10/01 11:34 AM

SERTIFIKAAT

vir die voltooiing van

Afrikaans Eerste Addisionele Taal Boek 2
Graad 3

Ek kan:

'n storie lees	✓	'n storie skryf	✓	meervoude gebruik	✓
'n brief lees	✓	'n brief lees	✓	die verlede tyd gebruik	✓
'n kaartjie lees	✓	'n kaartjie skryf	✓	'n kaart lees	✓
'n tydskrif lees	✓	'n prentjie teken	✓		

Ek kan ook: _____

Toegeken aan:

_____

Datum _____ Onderwyser _____

Skryf in vir 'n tekenkompetisie

Ons doen

Praat oor dit wat jy kan doen.
Skryf in vir hierdie kompetisie.
Jou onderwyser sal dit vou en pos aan:

Minister van Basiese Onderwys
Strubenstraat 222
Pretoria 0001

stamp

Minister van Basiese Onderwys
Strubenstraat 222
Pretoria 0001

Tekenkompetisie

Naam:	Graad:
Van:	Skool:
Telefoonnommer:	Skool se telefoonnommer:
Huistaal:	Adres:
Adres:	
	Onderwyser se naam:

glue here glue here

Ons skryf Teken 'n prentjie van jouself en skryf 'n paragraaf daaroor.